



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## RELIGIESTUDIES V2

## 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Alle godsdienste het 'n stel oortuigings oor die aard van goddelikheid, die mensdom, die wêreld, die skepping en ander aspekte van die lewe. Sulke breë oortuigings word godsdienstige leringe genoem.
>
> [Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies*]

1.1 Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

1.1.1 Die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)

1.1.2 Die aard van die wêreld (10)

1.1.3 Die oorsprong en die rol van die bose (10)

1.2 Elke godsdiens bevat leringe oor lewe na die dood. Waarom is dit so? Bespreek dit met verwysing na EEN godsdiens. (20)
**[50]**

**VRAAG 2**

> Elke godsdiens het sommige oortuigings wat al die godsdiens se volgelinge deel. In die meeste godsdienste kan die interpretasie van oortuigings van een denkskool tot die volgende egter verskil.
>
> [Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies*]

2.1 Verduidelik die historiese redes waarom interne verskille binne die volgende godsdienste bestaan:

2.1.1 Hindoeïsme (10)

2.1.2 Christendom (10)

2.1.3 Afrika Tradisionele Godsdiens (10)

2.2 Met verwysing na enige EEN godsdiens, bespreek die interne verskille wat ten opsigte van bestuur/leiding (die organisasie van die godsdiens) bestaan. (20)
**[50]**

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VRIEND EN SANGOMA MET KZN-KRIEKETSPELER SE MOORD VERBIND**

Die onthoofde liggaam van Nawaaz Khan is die naweek deur polisie in 'n bos naby sy huis in Umzinto gevind.

'n 21-jarige vriend van Khan sou na verwagting vandag in die Umzinto Landdroshof verskyn het. Hy het aan die polisie gesê dat hy 'n tradisionele geneser gespreek het en dat dié hom meegedeel het dat die kop van 'n mens nodig was om sy persoonlike probleme op te los.

[Aangepas uit *The Times,* 11 November 2015]

3.1 Identifiseer enige VYF oorsake van misdaad en geweld in ons gemeenskappe. (10)

3.2 Bespreek die leringe van enige EEN godsdiens wat spesifiek die kwessies van misdaad en geweld aanpak. (28)

3.3 Dink jy godsdienstige organisasies kan misdaad en geweld laat afneem? Gee redes vir jou antwoord. (12)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Elke godsdienstradisie het 'n begin, 'n bron, wat normatief is. Mense keer telkens na normatiewe bronne terug om die antwoorde waarna hulle soek, te vind.

[Aangepas uit *Religion Studies,* HC Steyn et al.]

In die lig van die stelling hierbo, bespreek die volgende:

4.1.1 Die rol van heilige tekste in verskillende godsdienste (10)

4.1.2 Die rol wat inspirasie in die ontwikkeling van enige EEN godsdiens gespeel het (20)

4.2 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Wetenskap handel oor hoe dinge gebeur; godsdiens handel oor waarom dinge gebeur.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies*]

In die lig van die stelling hierbo, bespreek die reaksie van enige EEN godsdiens op Darwin se evolusieleer. (20)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

5.1 Noem VYF beginsels van hermeneutiek. (5 x 2) (10)

5.2 Bespreek hoe normatiewe bronne in enige EEN godsdiens ontwikkel is. (10)

5.3 Wat word met *sekulêre wêreldbeskouings* bedoel? (4)

5.4 Noem enige TWEE sekulêre wêreldbeskouings. Noem enige SES ooreenkomste en VYF verskille tussen die twee wêreldbeskouings. (26)
**[50]**

**TOTAAL: 150**